

4. DIE GIDS UITGEREIK DEUR DIE MENSEREGTEKOMMISSIE

4.1 BESKRYWING

- (1) Artikel 10 van die Wet op die Bevordering van Toegang tot Inligting, 2000 (Wet No. 2 van 2000) (hierna verwys as “die Wet”) het op 15 Februarie 2002 in werking getree. Hierdie artikel bepaal dat die Menseregtekommissie moet, binne 18 maande na die inwerkingtreding van hierdie artikel, in elke amptelike taal 'n gids publiseer wat in 'n maklik verstaanbare vorm en wyse die inligting bevat wat redelikerwys benodig word deur 'n persoon wat enige reg in die Wet beoog, wil uitoefen.
- (2) Die gids moet 'n beskrywing insluit van —
- (a) die oogmerke van die Wet;
 - (b) die pos- en straatadres, telefoon- en faksnommer en, indien beskikbaar, elektroniese posadres van —
 - (i) die inligtingsbeampte van elke openbare liggaam; en
 - (ii) elke adjunk-inligtingsbeampte van elke openbare liggaam;
 - (c) die besonderhede van elke privaatliggaam wat doenlik is;
 - (d) die wyse waarop en vorm waarin 'n versoek gerig moet word om —
 - (i) toegang tot 'n rekord van 'n openbare liggaam gerig moet word;
 - (ii) toegang tot 'n rekord van 'n privaatliggaam gerig moet word;
 - (e) die bystand beskikbaar vanaf die inligtingsbeampte van 'n openbare liggaam ingevolge hierdie Wet;
 - (f) die bystand beskikbaar van die Menseregtekommissie ingevolge hierdie Wet;
 - (g) alle regsmiddele beskikbaar betreffende 'n handeling of versuim om te handel ten opsigte van 'n reg verleen of plig opgelê by hierdie Wet, insluitende die wyse waarop —
 - (i) 'n interne appèl aangeteken moet word; en
 - (ii) 'n aansoek by 'n hof ingedien moet word teen 'n besluit van die inligtingsbeampte van 'n openbare liggaam, 'n besluit op interne appèl en 'n besluit van die hoof van 'n privaatliggaam;
 - (h) die bepalings wat onderskeidelik van 'n openbare liggaam en privaatliggaam vereis om 'n handleiding saam te stel, en hoe om toegang tot die handleiding te verkry;
 - (i) die bepalings wat vir vrywillige openbaarmaking van kategorieë rekords van onderskeidelik 'n openbare liggaam en 'n privaatliggaam voorsiening maak;
 - (j) die kennisgewings wat uitgevaardig is betreffende gelde wat betaal moet word met betrekking tot versoeke om toegang; en
 - (k) die regulasies ingevolge artikel 92 van die Wet uitgevaardig.
- (3) Die Menseregtekommissie moet, indien nodig, met tussenposes van hoogstens twee jaar die gids bywerk en publiseer.

4.2 BESKIKBAARHEID OF TOEGANG TOT DIE GIDS

- (1) DIE MENSEREGTEKOMMISSIE
Die Menseregtekommissie moet, so gou as moontlik nadat die gids

gepubliseer of bygewerk is —

- (a) 'n eksemplaar van die gids in elke amptelike taal beskikbaar stel —
 - (i) aan die hoof van die nasionale departement wat verantwoordelik is vir Staatskommunikasies en -inligtingsdienste;
 - (ii) aan die Stadsbiblioteekdienste, Bloemfontein;
 - (iii) aan die Parlementsbiblioteek, Kaapstad;
 - (iv) aan die "Natal Society Library", Pietermaritzburg;
 - (v) aan die Suid-Afrikaanse Biblioteek, Kaapstad;
 - (vi) aan die Staatsbiblioteek, Pretoria;
 - (vii) aan die Nasionale Film-, Video- en Klankargief, Pretoria;
 - (viii) aan elke tersiêre onderwysinrigting ingestel by of kragtens enige wet; en
 - (ix) op versoek, aan die hoof van 'n privaatliggaam;
- (b) 'n eksemplaar van die gids in elke amptelike taal beskikbaar stel —
 - (i) aan die inligtingsbeamptes van openbare liggame; en
 - (ii) aan die Direkteur-Generaal: Kommunikasie;
- (c) die gids in elke amptelike taal in die Staatskoerant publiseer;
- (d) 'n eksemplaar van die gids in elke amptelike taal gedurende kantoorure vir die publiek ter insae beskikbaar stel by die kantore van die Menseregtekommissie; en
- (e) die gids op die webblad, www.sahrc.org.za, van die Menseregtekommissie beskikbaar stel.

(2) INLIGTINGSBEAMPTE: DEPARTEMENT VAN JUSTISIE EN STAATKUNDIGE ONTWIKKELING

- (a) 'n Eksemplaar van die gids sal ook in elke amptelike taal by **ELKE LANDDROSKANTOOR** beskikbaar wees; en
- (b) minstens een eksemplaar van die gids in minstens twee amptelike tale vir regeringsdoeleindes gebruik deur die provinsie, sal by **ELKE ANDER KANTOOR** van die Departement van Justisie en Staatkundige Ontwikkeling beskikbaar wees.

(3) INLIGTINGSBEAMPTE: OPENBARE LIGGAAM

By **ELKE KANTOOR VAN 'N OPENBARE LIGGAAM** sal minstens een eksemplaar van die gids in minstens twee amptelike tale vir regeringsdoeleindes gebruik deur die provinsie waarin sodanige kantoor geleë is, beskikbaar wees.

Neem kennis: 'n "openbare liggaam"beteken —

- (a) enige staatsdepartement of administrasie in die nasionale of provinsiale regeringsfeer of enige munisipaliteit in die plaaslike regeringsfeer (bv: die Suid-Afrikaanse Polisie, Korrektiewe Dienste ens.); of
- (b) enige ander funksionaris of instelling wanneer ingevolge —
 - (i) die Grondwet of 'n provinsiale grondwet 'n bevoegdheid uitgeoefen of 'n plig verrig word; of
 - (ii) wetgewing 'n openbare bevoegdheid uitgeoefen of 'n

openbare plig verrig word;
(bv: die Ouditeur-Generaal, Openbare Beskermer ens.)

- (4) DIREKTEUR-GENERAAL: KOMMUNIKASIE
By **ELKE POSKANTOOR** sal daar minstens een eksemplaar van die gids in minstens twee amptelike tale vir regeringsdoeleindes gebruik deur die provinsie waarin sodanige poskantoor geleë is, beskikbaar wees.
- (5) DIE HOOF VAN 'N KANTOOR, SOOS NA VERWYS IN PARAGRAWA (2), (3) EN (4) EN DIE PERSOON IN BEHEER VAN 'N POSKANTOOR
Die hoof van 'n kantoor, soos na verwys in paragrawe (2), (3) en (4), waar die gids beskikbaar moet wees, en die persoon in beheer van 'n poskantoor —
- (a) moet, gedurende kantoorure en op versoek, 'n eksemplaar van die gids in die beskikbare amptelike tale vir die publiek ter insae beskikbaar stel;
 - (b) mag nie geld vra vir 'n publieke insae nie; en
 - (c) mag ten opsigte van 'n eksemplaar van die gids of 'n deel daarvan wat op 'n ander wyse as vir die publiek ter insae beskikbaar gestel word, die voorgeskrewe fooie vra wat (hierdie fooie word gelys in Item 1 van Deel 1 van Aansoek A van die Regulasies [soos in die Staatskoerant (No. 23119) van 15 Februarie 2002 (Goewermementskennisgewing No. R.187 van 15 Februarie 2002 gepubliseer]).

5. AANSOEK OM TOEGANG TOT 'N REKORD GEHOU DEUR OF ONDER BEHEER VAN DIE DIENS

5.1 DOEL VAN DIE WET

Die doel van die Wet is om gevolg te gee aan die grondwetlike reg op toegang tot enige inligting wat deur die Staat gehou word en enige inligting wat deur 'n ander persoon gehou word en wat vir die uitoefening of beskerming van enige regte

benodig word. Die oogmerk is om 'n kultuur van deursigtigheid en verantwoordingspligtigheid in openbare en privaatliggame te koester en om 'n samelewing aktief te bevorder waarin die mense van Suid-Afrika effektiewe toegang tot inligting het om hulle in staat te stel om al hul regte meer volkome uit te oefen en te beskerm.

5.2 INLIGTING WAT VERSOEK KAN WORD

Enige bestaande opgetekende inligting kan versoek word, —

- (1) ongeag vorm of medium;
- (2) wat in die besit is van of onder die beheer is van die Diens of 'n ander openbare liggaam; en
- (3) ongeag of dit deur die Diens of daardie openbare liggaam geskep is, al dan nie.

5.3 TOEPASSING VAN DIE WET

(1) UITSLUITING VAN 'N BEPALING VAN ANDER WETGEWING

Hierdie Wet is van toepassing tot die uitsluiting van 'n bepaling van ander wetgewing wat die openbaarmaking van 'n rekord verbied of beperk en wat wesenlik onbestaanbaar is met 'n bepaling van hierdie Wet.

(2) GRONDE VIR WEIERING VAN TOEGANG TOT REKORDS

Hoofstuk 4, "Gronde vir Weiering van Toegang tot Rekords", van hierdie Wet maak voorsiening vir gronde waarop 'n aansoek om toegang tot 'n rekord geweier moet of kan word.

(3) VAKBONDE

Ingevolge artikel 16 van die Wet op Arbeidsverhoudinge, 1995 (Wet No. 66 van 1995) is 'n vakbond geregtig op toegang tot sekere rekords. Die Wet is nie van toepassing nie wanneer 'n vakbond toegang tot rekords versoek om 'n werknemer in 'n griewe of dissiplinêre prosedure by te staan [toegang is gratis beskikbaar ingevolge die Wet op Arbeidsverhoudinge, 1995 (Wet No. 66 van 1995)].

Indien 'n vakbond toegang tot 'n rekord versoek en sodanige toegang word nie versoek ten einde 'n werknemer by te staan tydens dissiplinêre prosedure teen sodanige werknemer of om 'n werknemer wat 'n grief geregistreer het, by te staan nie, sal die versoek oorhandig word aan die toepaslike funksionaris op óf nasionale óf provinsiale vlak wat verantwoordelik is vir arbeidsverhoudinge in daardie provinsie of op nasionale vlak. Sodanige funksionaris sal aandui watter rekord verband hou met 'n aangeleentheid ten opsigte waarvan konsultasie of ooreenkomste met die vakbond plaasvind of aangegaan is. Indien die funksionaris sertifiseer dat dit so is, sal die afskrif van die rekord aan die vakbond gratis voorsien word ooreenkomstig artikel 16 van die Wet op Arbeidsverhoudinge. Indien die funksionaris sertifiseer dat dit nie so is nie, sal die versoek hanteer word ooreenkomstig die Wet.

(4) STRAF - OF SIVIELE VERRIGTINGE (WAT GRIEWE - EN DISSIPLINÊRE PROSEDURE INSLUIT)

- (a) Die Wet is nie van toepassing nie (soos bepaal in artikel 7 van die Wet) op 'n rekord van die Diens indien —
 - (i) daardie rekord **vir doeleindes van straf- of siviele verrigtinge aangevra word**;
 - (ii) dit aldus **versoek word na die aanvang van daardie straf- of siviele verrigtinge**, na gelang van die geval; **en**
 - (iii) die voorlegging van of toegang tot daardie rekord vir die doeleindes bedoel in paragraaf (i) **deur enige ander reg gereël word**.

- (b) 'n Rekord verkry op 'n wyse wat **in stryd** is met paragraaf (a), is **nie as getuienis toelaatbaar in sodanige straf- of siviele verrigtinge nie** tensy die uitsluiting van daardie rekord deur die betrokke hof na sy mening nadelig vir die belange van geregtigheid sal wees.

- (c) Strafverrigtinge neem 'n aanvang wanneer die saak op die MAS stelsel of Misdaad Register van die Diens geregistreer is. Siviele verrigtinge neem 'n aanvang nadat dagvaarding of 'n ander prosesstuk uitgereik is, insluitend na 'n kennisgewing van die beoogde instelling van regsverrigtinge teen die Diens [ingevolge artikel 3(1) van die Wet op die Instel van Regsgedinge teen Sekere Staatsorgane, 2002 (Wet No. 40 van 2002)] ontvang is. Die normale blootleggingsprosedure moet gevolg word, of waar van toepassing, 'n *subpoena duces tecum*, om in so 'n geval toegang tot die rekord te verkry. Daar moet egter daarop gelet word dat, alvorens 'n dagvaarding of ander prosesstuk uitgereik is, of 'n kennisgewing ingevolge die voorvermelde Wet ontvang is, die Wet van toepassing sal wees op enige versoek om toegang tot 'n rekord, selfs al sou die versoek gerig word met die doel om siviele verrigtinge in te stel.

(5) OOP DOSSIERE

Neem kennis dat die wyse waarop toegang tot die botsingsverslag verkry kan word uitgesluit is van die wyse, soos bespreek in hierdie paragraaf, waarop toegang tot rekords in die oop dossier verkry kan word. Toegang tot die botsingsverslag word apart hanteer in paragraaf (7).

(a) VERSOEK DEUR VERDAGTE (OF SY OF HAAR VERTEENWOORDIGER) OM 'N AFSCRIF OF FOTOKOPIE VAN SY OF HAAR EIE VERKLARING IN DIE OOP DOSSIER

Die Wet is nie van toepassing nie. Die versoek sal toegestaan word en toegang sal gratis verleen word (omdat ander wetgewing reeds vir sodanige toegang voorsiening maak).

(b) VERSOEK DEUR 'N VERDAGTE (OF SY OF HAAR

VERTEENWOORDIGER) OM 'N AFSCRIF OF FOTOKOPIE VAN ENIGE ANDER REKORD IN DIE OOP DOSSIER

Die Wet is nie van toepassing nie omdat strafregtelike of siviele verrigtinge reeds 'n aanvang geneem het. Die versoek moet geskrewe wees ('n brief) en moet die volledige besonderhede uiteensit. Die versoek sal tesame met die dossier en die aanbeveling van die betrokke ondersoekbeampte na die staatsaanklaer verwys word. Die versoeker sal van die verwysing na die staatsaanklaer en van die uitslag verwittig word (indien die aanklaer toestem dat toegang verleen mag word, sal die afskrifte gratis aan die verdagte voorsien word).

(c) VERSOEK DEUR ENIGE ANDER PERSOON (NIE VERDAGTE OF SY OF HAAR VERTEENWOORDIGER NIE) OM 'N AFSCRIF OF FOTOKOPIE VAN ENIGE REKORD IN DIE OOP DOSSIER

Die betrokke adjunk-inligtingsbeampte sal die versoek hanteer en verseker dat die versoeker 'n versoekvorm voltooi en dat die versoekgelde, waar van toepassing, betaal word (bv: indien die versoeker nie 'n slagoffer of getuie in die saak is nie). Die versoek tesame met die dossier en die aanbeveling van die betrokke ondersoekbeampte sal na die staatsaanklaer verwys word. Die versoeker sal ingelig word van die verwysing na die staatsaanklaer en van die uitslag. Indien die aanklaer toestemming tot sodanige toegang verleen, kan toegang verleen word na betaling van die betrokke reproduksie gelde.

(6) GESLOTE DOSSIERE

(a) VERSOEK DEUR ENIGE PERSOON VIR 'N AFSCRIF OF FOTOKOPIE VAN ENIGE REKORD IN DIE GESLOTE DOSSIER

Die betrokke adjunk-inligtingsbeampte sal die versoek ooreenkomstig bepalings van die Wet hanteer (d.i: verseker dat die versoekvorm voltooi is, dit verwys na die bevelvoerder van die betrokke ondersoekbeampte vir sy of haar besluit as lynbestuurder, verseker dat die versoekgelde, indien van toepassing, betaal is, die betrokke derde partye inlig van die versoek, ens.).

(7) BOTSINGSVERSLAE

Wanneer die versoek ontvang word en die botsingsverslag is reeds na die Departement van Vervoer of ander betrokke departement of instelling versend (bv: Metro), sal die betrokke adjunk-inligtingsbeampte die versoek na die betrokke departement of instelling oorplaas. Waar die versoeker self teenwoordig is, kan hy of sy ingelig word dat hy of sy die botsingsverslag direk vanaf die betrokke departement of instelling kan versoek.

Die vooraftoestemming van die staatsaanklaer is nie nodig om toegang te verleen tot 'n botsingsverslag in 'n oop dossier aan 'n party wat betrokke was in die botsing of sy of haar verteenwoordiger of gemagtigde (indien dokumentêre bewys voorgelê is) nie. Die Padongelukkefonds of hul verteenwoordiger moet skriftelik aansoek doen (bv: 'n brief) en alle rekords

aangaande die betrokke botsing word gratis aan die Padongelukkefonds verskaf.

Indien die botsingsverslag steeds in besit of onder beheer van die Diens is, sal die volgende prosedure van toepassing wees —

(a) VERSOEK OM TOEGANG TOT DIE BOTSINGSVERSLAG DEUR 'N PARTY BETROKKE IN DIE ONGELUK

Die betrokke adjunk-inligtingsbeampte of werknemer wat botsingsverslag navrae hanteer sal die aansoek hanteer. Die versoeker moet die versoekvorm voltooi en 'n vredesbeampte (bv: 'n polisiebeampte) of vrederegter (bv: 'n landdros) moet hierdie vorm sertifiseer in die toepaslike deel. Die versoeker betaal nie 'n versoekfooi nie, maar voordat toegang verleen sal word, is die voorgeskrewe reproduksiegelde betaalbaar vir elke bladsy wat gefotostateer moet word.

(b) VERSOEK OM TOEGANG TOT DIE BOTSINGSVERSLAG DEUR 'N PERSOON GEMAGTIG DEUR DIE BETROKKE PARTY IN DIE ONGELUK (bv: prokureur, versekeringsmaatskappy, ens.)

Die adjunk-inligtingsbeampte of werknemer wat botsingsverslag navrae hanteer sal die versoek hanteer. Die versoeker moet die versoekvorm voltooi en bewys van hoedanigheid aanheg (bv: volmagsbrief) en indien sodanige bewys van hoedanigheid aangeheg is, hoef 'n vredesbeampte of vrederegter nie die versoekvorm te sertifiseer nie. Indien geen bewys van hoedanigheid aangeheg is nie, moet die versoekvorm in die toepaslike kolom deur 'n vredesbeampte of vrederegter gesertifiseer word. Die versoeker betaal nie 'n versoekfooi nie, maar voordat toegang verleen sal word, is die voorgeskrewe reproduksiegelde betaalbaar vir elke bladsy wat gefotostateer moet word.

(c) VERSOEK DEUR PERSOON WAT NIE 'N BETROKKE PARTY IN DIE BOTSING IS NIE OF NIE DEUR 'N BETROKKE PARTY DAARTOE GEMAGTIG IS NIE

Die betrokke adjunk-inligtingsbeampte sal die versoek ooreenkomstig die bepalings van die Wet hanteer (d.i: verseker dat die versoekvorm voltooi is, verseker dat die versoekgelde betaal word, alle betrokke derde partye inlig van die versoek, verseker dat die reproduksiegelde betaal word, ens.). Indien die botsingsverslag in 'n oop dossier is, sal die versoek tesame met die dossier en die aanbeveling van die betrokke ondersoekbeampte na die staatsaanklaer verwys word en die versoeker sal van die verwysing na die staatsaanklaer en van die uitslag verwittig word. Indien die aanklaer toestemming tot sodanige toegang verleen, kan toegang verleen word na betaling van die betrokke reproduksiegelde.

(8) 'N REKORD WAT INLIGTING OOR DIE FISIEKE OF GEESTELIKE GESONDHEID OF WELSTAND VAN 'N WERKNEMER BEVAT

- (a) Die Wet omskryf 'n **gesondheidspraktisyn** as volg:
“'n individu wat 'n beroep beoefen en ingevolge wetgewing geregistreer is om dit te beoefen wat die verskaffing van sorg of behandeling vir die fisiese of geestelike gesondheid of die welsyn van individue behels”.
- (b) Enige versoek om toegang tot 'n rekord of verslag wat in die besit of onder beheer van die Diens is, wat inligting oor die fisieke of geestelike gesondheid of welstand van 'n werknemer bevat, moet aan die betrokke Adjunk-inligtingsbeampte oorhandig word, wat dit ingevolge die Wet en ingevolge artikel 30 van die Wet waar van toepassing, sal hanteer.
- (c) Indien die versoeker **NIE** —
- (i) die werknemer is op wie die aangevraagde rekord of verslag betrekking het nie; of
 - (ii) nie namens die werknemer met wie die aangevraagde rekord of verslag verband hou optree nie (bv: die versoeker is nie die werknemer se regsverteenvoordiger nie, of nie 'n persoon wat geskrewe magtiging van die werknemer het om namens hom of haar op te tree nie, ens.),
- sal die Adjunk-inligtingsbeampte so 'n versoek ingevolge die bepalings van die Wet hanteer. In so 'n geval is die werknemer op wie die sodanige rekords of verslae betrekking het, die “derde party” (bv die SAPD 512(n) moet voltooi word, die versoekfooi moet betaal word, die derde party moet ingelig word, ens).
- (d) Indien die versoeker **WEL** —
- (i) die werknemer is op wie die aangevraagde rekord of verslag betrekking het; of
 - (ii) namens die werknemer op wie die aangevraagde rekord betrekking het, optree (bv: die versoeker is die werknemer se regsverteenvoordiger of 'n persoon wat geskrewe magtiging van die werknemer het om namens hom of haar op te tree)
- ;
- sal die volgende prosedure gevolg word:
- (i) Indien die gesondheidspraktisyn **NIE SKRIFTELIK GESERTIFISEER OF GESTEL HET** dat die openbaarmaking van die rekord of verslag die persoon se fisieke of geestelike gesondheid of welstand ernstig kan benadeel of nie benadeel nie, sal die Adjunk-inligtingsbeampte —
 - (aa) die versoeker versoek dat die persoon op wie die aangevraagde rekord van toepassing is, 'n gesondheidspraktisyn moet nomineer of identifiseer — *(Dit word gedoen deur die SAPD 512(p) in te vul, waarvan deel A en C uitgevee of geskrap moet word, en deur die ingevulde vorm aan die versoeker te gee);* en
 - (bb) nadat 'n gesondheidspraktisyn deur die persoon op

wie die aangevraagde rekord van toepassing is, genomineer of geïdentifiseer is, met sodanige gesondheidspraktisyn konsulteer oor of die openbaarmaking van die rekord of verslag aan die persoon op wie dit van toepassing is, sy of haar fisieke of geestelike gesondheid of welstand ernstig kan benadeel, al dan nie — *(Dit word gedoen deur die SAPD 512(q) saam met 'n afskrif van die betrokke rekord of verslag vir die genomineerde of geïdentifiseerde gesondheidspraktisyn te gee).*

(ii) Indien die gesondheidspraktisyn **WEL GESERTIFISEER OF GESTEL** het of die openbaarmaking van die rekord of verslag aan die werknemer op wie dit van toepassing is se fisieke of geestelike gesondheid of welstand ernstig kan benadeel, al dan nie, sal die Adjunk-inligtingsbeampte —

(aa) indien sodanige gesondheidspraktisyn gestel of gesertifiseer het dat die openbaarmaking van die rekord of verslag aan die persoon op wie dit betrekking het **waarskynlik nie** sy of haar fisieke of

geestelike gesondheid of welstand ernstig sal benadeel nie, —

- die versoeker skriftelik in kennis stel van die gesondheidspraktisyn se mening en 'n ingevulde SAPD 512(e) aanheg om die versoeker in te lig van die voorgeskrewe fooi wat betaal moet word voordat toegang verleen sal word; en
- na bewys van betaling van die voorgeskrewe fooie ontvang is, die versoeker voorsien van afskrifte van die rekord of verslag wat aangevra is; of

(bb) indien sodanige gesondheidspraktisyn gestel of gesertifiseer het dat die openbaarmaking van die rekord of verslag aan die persoon op wie dit betrekking het sy of haar fisieke of geestelike gesondheid of welstand **waarskynlik** ernstig kan benadeel —

- die versoeker skriftelik inlig van die gesondheidspraktisyn se mening en 'n ingevulde SAPD 512(p) aanheg — *(In die SAPD 512(p) word die versoeker versoek om 'n berader te nomineer of te identifiseer wat verantwoordelik sal wees vir enige berading of reëlings wat redelik uitvoerbaar is, om voor, gedurende of ná die openbaarmaking van die rekord of verslag gemaak of gedoen word sodanige*

skade te beperk, te verlig of te vermy.)

- (iii) Indien 'n berader geïdentifiseer of genomineer is, sal die Adjunk-inligtingsbeampte —
 - (aa) die versoeker skriftelik in kennis stel dat 'n afskrif van die rekord of verslag aan die geïdentifiseerde of genomineerde berader voorsien sal word nadat bewys van betaling van die voorgeskrewe fooie ontvang is;
 - (bb) 'n ingevulde SAPD 512(e) oor die voorgeskrewe fooie wat betaalbaar is aanheg; en
 - (cc) nadat bewys van betaling van die voorgeskrewe fooie ontvang is, die toepaslike rekord of verslag na die genomineerde of geïdentifiseerde berader stuur deur die SAPS 512(r) saam met 'n afskrif van die toepaslike rekord of verslag aan hom of haar te stuur — *(in die SAPD 512(r) word die genomineerde of geïdentifiseerde berader versoek om berading of reëlings wat redelik uitvoerbaar is te maak of te doen om voor, gedurende of ná die openbaarmaking van die rekord of verslag gemaak of gedoen word om sodanige skade te beperk, verlig of vermy, en sodanige berader word ook ingelig dat hy of sy die toepaslike rekord of verslag openbaar kan maak wanneer hy of sy voel dit gepas is.)*

(9) OPENBARE LIGGAME

- (a) Ingevolge die Wet is 'n openbare liggaam uitgesluit van die omskrywing van “versoeker”. 'n Openbare liggaam word omskryf as 'n instelling wat 'n openbare bevoegdheid uitoefen of wat 'n openbare funksie ingevolge wetgewing uitvoer. 'n “Openbare liggaam” kan daarom geag word dieselfde as 'n “staatsorgaan” of “regeringsliggaam” te wees.
- (b) Die Wet is nie van toepassing wanneer 'n openbare liggaam toegang tot rekords versoek vanaf 'n ander openbare liggaam nie. 'n Aansoek om toegang tot 'n rekord van 'n ander openbare liggaam word as 'n interdepartementele versoek vir toegang tot 'n rekord in die besit van 'n ander staatsorgaan, naamlik die Diens, beskou.
- (c) Die beampte (*nie die Adjunk-inligtingsbeampte nie*) in wie se beheer die rekord gehou word en wat die aangeleentheid waarmee die rekord verband hou, moet hanteer, sal —
 - (1) die versoek oorweeg; en
 - (ii) besluit of 'n afskrif van die rekord aan die openbare liggaam voorsien kan word, al dan nie.
- (d) Indien daar besluit word om **nie** 'n afskrif van die rekord **te voorsien nie**, sal die openbare liggaam oor die besluit ingelig word. Indien daar besluit word om **wel** 'n afskrif van die rekord **te voorsien**, sal

dit gratis gedoen word. 'n Openbare liggaam betaal dus geen versoekfooie of toegangfooie nie.

- (e) Die SAPD 512(n) Versoekvorm of Vorm A soos in die Regulasies van die Wet gepubliseer, moet nie ingevul word nie.
- (f) Die verantwoordelike beamppte moet seker maak dat die versoeker 'n openbare liggaam is. 'n Versoek deur 'n openbare liggaam wat op 'n briefhoof van sodanige liggaam geskryf is, kan aanvaar word as bewys dat die versoeker 'n openbare liggaam is. Indien 'n openbare liggaam 'n ander persoon subkontraakteur (bv as 'n assessor of agent), kan die brief waarin die openbare liggaam die subkontraakteur opdrag gee om namens die openbare liggaam op te tree, geag word voldoende dokumentêre bewys te wees dat die versoek deur die betrokke openbare liggaam gemaak word.

(10) ARTIKEL 102 ONDERSOEK INGEVOLGE DIE WET OP BEHEER VAN VUURWAPENS, 2000 (WET NO 60 VAN 2000)

- (a) Ingevolge artikel 102 van die Wet op Beheer van Vuurwapens, 2000 (Wet No. 60 of 2000), kan die Nasionale Kommissaris iemand op enige gronde, wat in die artikel aangedui word, onbevoeg verklaar om enige vuurwapen te besit. Om vas te stel of 'n persoon onbevoeg is om 'n vuurwapen te besit, hou die Diens 'n ondersoek waar so 'n persoon redes kan verstrek waarom hy of sy nie onbevoeg verklaar moet word nie.
- (b) 'n Artikel 102-ondersoek kwalifiseer as 'n administratiewe aksie wat die regte of wetlike verwagtinge van die persoon teen wie so 'n ondersoek gehou word, wesenlik of nadelig kan affekteer. Die Diens sal dus die bepalings van artikel 3 van die Wet op Bevordering van Administratiewe Geregtheid, 2000 (Wet No. 3 van 2000), toepas en nie die bepalings van die Wet op die Bevordering van Toegang tot Inligting, 2000 (Wet No. 2 van 2000), nie. Die versoek moet dus nie aan die Adjunk-inligtingsbeamppte gegee word nie.
- (c) 'n Geaffekteerde party kan toegang tot rekords of afskrifte van sekere rekords (bv. afskrifte van verklarings van ander partye) in die besit of onder beheer van die Diens aanvra. Sodanige rekords kan sekere bewerings bevat wat die Diens teen die geaffekteerde party wil hou. Toegang tot sodanige rekords of afskrifte daarvan moet gratis en teen 'n redelike tyd voor die ondersoek aan die geaffekteerde party voorsien word sodat hy of sy kan voorberei om op die bewerings te antwoord.

5.4 FOOIE BETAALBAAR

Die Wet op die Bevordering van Toegang tot Inligting, 2000 (Wet No. 2 van 2000): Regulasies [soos in die Staatskoerant (No. 23119) van 15 Februarie 2002 (Goewermentskennisgewing No. R.187 van 15 Februarie 2002 gepubliseer)], skryf die fooie voor ten einde toegang tot rekords te verkry.

5.5 HOE OM AANSOEK TE DOEN OM TOEGANG TOT 'N REKORD IN DIE BESIT VAN OF ONDER BEHEER VAN DIE DIENS

Die Nasionale Kommissaris: Suid-Afrikaanse Polisie diens, het 'n Nasionale Adjunk-Inligtingsoffisier aangestel en 'n adjunk-inligtingsbeampte vir elke afdeling, provinsie, area en polisiestase aangewys om die Wet te implementeer. (Sien paragraaf 3 "KONTAKBESONDERHEDE VAN ADJUNK-INLIGTINGSBEAMPTES".)

(1) VERKRY 'N VERSOEKVORM

Verkry 'n versoekvorm [SAPD 512(n)] deur —

- (a) dit persoonlik af te haal by die adjunk-inligtingsbeampte van die naaste polisiestase; of
- (b) die betrokke adjunk-inligtingsbeampte telefonies of per e-pos te kontak of 'n brief aan hom of haar te rig en te versoek dat sodanige versoekvorm aan die versoeker gefaks of gepos word (of per e-pos gestuur word indien moontlik vir sodanige adjunk-inligtingsbeampte) na die adres soos deur hom of haar verskaf.

(Vorm A van die Regulasies tot die Wet kan ook vir hierdie doel gebruik word.)

(2) VOLTOOI DIE VERSOEKVORM VOLLEDIG EN OORHANDIG DIT AAN DIE ADJUNK-INLIGTINGSBEAMPTES

(a) BYSTAND DEUR DIE ADJUNK-INLIGTINGSBEAMPTES

Die adjunk-inligtingsbeampte kan die versoeker bystaan met die versoek om toegang tot rekords om te verseker dat die versoek aan die vereistes van die Wet voldoen. Die kantoor van die Nasionale Adjunk-Inligtingsoffisier kan gekontak word indien die versoeker nie weet wie die betrokke adjunk-inligtingsbeampte is nie.

(b) VOLTOOI DIE VERSOEKVORM

(i) INDIEN DIE VERSOEKVORM NIE VOLLEDIG VOLTOOI IS NIE

Die adjunk-inligtingsbeampte mag nie die aansoek weier indien dit nie ten volle of korrek voltooi is nie. Die adjunk-inligtingsbeampte sal die aansoeker deur middel van 'n Kennisgewing van Voorneme om Versoek te Weier-vorm [SAPD 512(c)] van sy of haar voorneme om die aansoek te weier in kennis stel. In sodanige geval kan die aansoeker meer omvattende inligting ten opsigte van die aansoek voorsien.

(ii) REKORD WAT VERSOEK WORD BEVAT PERSOONLIKE INLIGTING OOR DIE VERSOEKER

Indien die versoeker toegang tot rekords versoek wat persoonlike inligting rakende homself of haarself bevat, moet hy of sy die versoekvorm na die naaste polisiestase neem en dit in die teenwoordigheid van 'n vredesbeampte of

vrederegter onderteken. Sodanige vredesbeampte of vrederegter moet in die aangewese spasie sertifiseer dat die versoeker die vermelde vorm in sy of haar teenwoordigheid onderteken het en dat hy of sy tevrede is dat die persoon wat die vorm onderteken het en die persoon wie se identiteitsnommer op die vorm verskyn, een en dieselfde persoon is.

(iii) PERSOONLIKE VERSOEKER WORD DEUR 'N ANDER PERSOON VERTEENWOORDIG

Indien dit die verteenwoordiger of persoon is wat namens die persoon, wie se persoonlike inligting in die rekord vervat is, wat die versoek rig, moet sodanige verteenwoordiger (bv: prokureur, versekeringsmaatskappy, enige persoon wat namens hom of haar optree, ens.) verseker dat die voltooide versoekvorm deur die nodige dokumentêre bewys van hoedanigheid vergesel word ("dokumentêre bewys van hoedanigheid" beteken 'n dokument wat die adjunk-inligtingsbeampte tevrede stel dat die versoeker inderdaad die hoedanigheid het om aansoek om toegang tot die rekord namens 'n spesifieke persoon te doen). Sodanige dokumentêre bewys mag onder andere wees, —

- 'n algemene of spesifieke volmag;
- 'n gesertifiseerde afskrif van die geboortesertifikaat van 'n minderjarige en 'n gesertifiseerde afskrif van die identiteitsdokument van die ouer;
- 'n brief deur die persoon namens wie die versoek gerig word, wat die versoeker magtig om die versoek namens hom of haar te rig, asook 'n sertifikaat deur 'n vredesbeampte of vrederegter wat sertifiseer dat hy of sy tevrede is dat die persoon namens wie die versoek gemaak word, die persoon is wat die brief onderteken het wat die versoeker magtig om die versoek namens hom of haar te stuur;
- die aanstellingsbrief as eksekuteur van 'n boedel, van die Meester van die Hooggeregshof, tesame met bewys van identiteit in die geval van 'n versoek namens die afgestorwe boedel;
- waar die versoek namens 'n regspersoon gerig word, 'n brief van 'n gemagtigde persoon wat die versoeker magtig om die versoek te rig; of
- 'n brief in opdrag van die Padongeluksfonds in die geval waar 'n prokureur (of ander persoon) in opdrag van die Padongeluksfonds optree.

(c) HANDIG DIE VOLTOOIDE VERSOEKFORM IN

Die voltooide versoekvorm moet (per hand, pos of faks) ingehandig word by die —

- (i) betrokke adjunk-inligtingsbeampte; of
- (ii) adjunk-inligtingsbeampte van die naaste polisiestasie; of
- (iii) betrokke provinsiale - of area adjunk-inligtingsbeampte; of
- (iv) Nasionale Adjunk-Inligtingsoffisier.

(3) VERSOEGELDE

Die adjunk-inligtingsbeampte sal, by ontvangs van 'n versoek om toegang wat op 'n behoorlik voltooide Versoekvorm gemaak is, tensy die versoek oorgeplaas is na 'n ander openbare liggaam, die Kennisgewing van Gelde Betaalbaar-vorm [SAPD 512(b)] voltooi en dit aan die versoeker voorsien. Op hierdie manier sal die versoeker ingelig word van die versoekgelde wat verskuldig is en van die plek (naaste polisiestasie, area kantoor, provinsiale kantoor of Hoofkantoor) waar die gelde betaal moet word, alvorens die versoek verder geprosesseer sal word.

'n Persoon word vrygestel van die betaling van versoekgelde, indien sodanige persoon —

- (a) 'n persoonlike versoeker is ("persoonlike versoeker", is 'n versoeker wat toegang verlang tot 'n rekord wat persoonlike inligting oor homself of haarself bevat);
- (b) inligting versoek wat reeds in die openbare domein beskikbaar is of 'n "outomaties beskikbare rekord" is; of
- (c) deur die Minister van Justisie by proklamasie in die Staatskoerant vrygestel is van die betaling van —
 - (i) versoekgelde; of
 - (ii) enige gelde.

(4) HANTERING VAN DIE VERSOEK

(a) BEPAAL OF DIE REKORD BESTAAN EN BESKIKBAAR IS

Die adjunk-inligtingsbeampte sal die betrokke persoon (lynbestuurder) wat verantwoordelik is vir die rekord, identifiseer en die versoek na die betrokke lynbestuurder verwys. Die lynbestuurder sal bepaal of die rekord bestaan en beskikbaar is.

Indien 'n rekord wat versoek is, nie gevind kan word of nie bestaan nie, sal 'n beëdigde verklaring of verklaring ter bevestiging van al die stappe wat gedoen is om die betrokke rekord op te spoor of te bepaal of die rekord bestaan, insluitende die kommunikasie met elke persoon wat betrokke was by die soek na die rekord, aan die versoeker verskaf word, tesame met die Besluit oor Versoek om Toegang tot 'n Rekord-vorm [SAPD 512(e)].

(b) DIE VERSOEK IS TOEGESTAAN OF GEWEIER

Die adjunk-inligtingsbeampte sal die Besluit oor Versoek om Toegang tot 'n Rekord -vorm (SAPD 512(e)) voltooi en dit, onderhewig aan die bepalings van die Wet, binne 30 dae nadat die versoek ontvang is, aan die versoeker stuur, wat hom of haar in kennis sal stel —

- dat die versoek om toegang toegestaan is (of geweier is met die redes vir die weiering);
- van die vorm of medium waarin toegang toegestaan sal word;
- van die toegangsgelde wat betaalbaar is; en
- dat hy of sy 'n interne appèl mag aanteken.

(c) UITSTEL VAN 'N VERSOEK

Indien toegang tot 'n rekord wat versoek is, toegestaan mag word, maar die rekord wat versoek is, —

- sal gepubliseer word;
 - moet regtens gepubliseer word, maar is nog nie gepubliseer nie; of
 - is vir voorlegging aan 'n wetgewer of bepaalde persoon voorberei, maar is nog nie voorgelê nie,
- kan die adjunk-inligtingsbeampte toegang tot die rekord uitstel.

Indien toegang tot 'n rekord uitgestel is, sal die adjunk-inligtingsbeampte —

- bepaal op watter datum die rekord gepubliseer of aan 'n wetgewer of 'n spesifieke persoon voorgelê sal word;
- die Besluit oor Hantering van Versoek-vorm [SAPD 512(d)] voltooi en dit aan die versoeker stuur waarin hy of sy in kennis gestel word dat —
 - ▶ hy of sy toegang tot die rekord wat versoek is, kan kry, maar net vanaf die datum wat in die SAPD 512(d) bepaal word (hierdie datum sal die datum wees waarop die rekord gepubliseer of aan die wetgewer of spesifieke persoon voorgelê sal word); en
 - ▶ hy of sy, binne 30 dae na hierdie Kennisgewing, tot die adjunk-inligtingsbeampte verhoë mag rig waarom toegang tot die rekord nie uitgestel moet word nie.

Die adjunk-inligtingsbeampte sal die versoeker inlig of die versoek uitgestel sal word of nie deur die Versoek om Toegang tot 'n Rekord-vorm [SAPD 512(e)] te voltooi en dit aan die versoeker te stuur.

(d) VERLENGING VAN TYDPERK OM VERSOEK TE HANTEER

Die adjunk-inligtingsbeampte aan wie 'n versoek om toegang gemaak is, mag die tydperk van 30 dae een keer verleng tot 'n verdere tydperk van nie meer as 30 dae nie, indien —

- (i) die versoek 'n groot aantal rekords behels of 'n soektog deur 'n groot aantal rekords verg, en nakoming van die oorspronklike tydperk onredelik met die aktiwiteite van die Diens sou inmeng;
- (ii) die versoek 'n soektog verg na rekords in, of die afhaal daarvan by, 'n kantoor van die Diens wat nie in dieselfde dorp of stad as die kantoor van die adjunk-inligtingsbeampte geleë is nie en wat nie redelikerwys binne die oorspronklike tydperk afgehandel sou kan word nie;

- (iii) oorlegpleging tussen afdelings van die Diens of met 'n ander openbare liggaam nodig of wenslik is ten einde te besluit oor die versoek wat nie redelikerwys binne die oorspronklike tydperk afgehandel kan word nie;
- (iv) meer as een van die omstandighede wat beoog word in paragrawe (i), (ii) en (iii), ten opsigte van die versoek bestaan, wat dit redelikerwys onmoontlik maak om dit binne die oorspronklike tydperk na te kom; of
- (v) die versoeker skriftelik tot sodanige verlenging instem.

Indien 'n tydperk verleng word, sal die adjunk-inligtingsbeampte die versoeker van die verlenging in kennis stel deur die Besluit oor Hantering van Versoek-vorm [SAPD 512(d)] te voltooi en aan hom of haar te stuur.

(e) DERDE PARTYE

'n "Derde party" is enige persoon anders as die betrokke versoeker en anders as 'n openbare liggaam — dit kan ook die regering van 'n vreemde staat, 'n internasionale organisasie of 'n orgaan van daardie regering of organisasie na wie die rekord verwys, insluit.

Wanneer die rekord wat versoek is met 'n derde party verband hou, sal die adjunk-inligtingsbeampte sodanige derde party van die versoek inlig. Die derde party kan skriftelik versoek inhandig dat toegang tot die rekord nie aan die versoeker toegestaan moet word nie. Die adjunk-inligtingsbeampte sal —

- (i) enige versoek wat binne 30 dae, nadat so derde party van die versoek in kennis gestel is, vanaf so 'n derde party ontvang is, oorweeg;
- (ii) in oorleg met die lynbestuurder en die relevante regsdiens besluit of toegang aan die versoeker toegestaan moet word; en
- (iii) 'n Besluit oor Versoek om Toegang tot 'n Rekord wat met 'n Derde Party verband hou-vorm [SAPD 512(g)] voltooi en die vorm aan alle derde partye wat betrokke is, stuur.

'n Derde party mag 'n interne appèl aanteken teen 'n besluit om toegang toe te staan.

Indien 'n derde party nie 'n interne appèl aanteken binne 37 dae na ontvangs van vermeldde kennisgewing nie, sal die adjunk-inligtingsbeampte, toegang tot die rekord verleen indien daar ooreenkomstig die Wet geen ander gronde vir weiering is nie.

(f) INTERNE APPÈL

'n Kennisgewing van Interne Appèl-vorm, SAPD 512(o), of Vorm B van die Regulasies moet voltooi word en aan die adjunk-inligtingsbeampte voorsien word indien 'n interne appèl aangeteken

word. 'n Derde party kan 'n interne appèl aanteken teen 'n besluit om toegang toe te staan. 'n Versoeker kan 'n interne appèl aanteken teen die —

- betaalbare fooie;
- verlenging van 'n tydperk;
- vorm van toegang; of
- weiering van toegang tot 'n rekord.

Die betrokke adjunk-inligtingsbeampte sal die interne appèl aan die Nasionale Adjunk-Inligtingsoffisier stuur. Die Nasionale Adjunk-Inligtingsoffisier hanteer die interne appèlle en hy of sy sal dit aan die Minister vir Veiligheid en Sekuriteit voorlê vir sy of haar besluit.

Die Nasionale Adjunk-Inligtingsoffisier sal die **versoeker** inlig van die besluit van die Minister deur 'n Kennisgewing aan Versoeker van Besluit van Interne Appèl-vorm [SAPD 512(k)] aan die versoeker te stuur.

Waar 'n interne appèl met 'n derde party verband hou, sal die versoeker en die derde party wat betrokke is, van die uitslag van die appèl ingelig word, deur aan die versoeker 'n Kennisgewing aan Versoeker van Besluit van Interne Appèl-vorm [SAPD 512(k)] en aan die derde party 'n Kennisgewing aan Derde Party van Besluit van Interne Appèl-vorm [SAPD 512(j)] te stuur.

'n Versoeker of 'n derde party wat nie tevrede is met die uitslag van die interne appèl nie, mag binne 37 dae 'n aansoek tot die hof bring. Indien geen sodanige aansoek by die hof gebring word nie, sal die besluit van die Minister uitgevoer word.

6. BESKRYWING VAN ONDERWERPE EN KATEGORIEË GEHOU OOR ELKE ONDERWERP

(Die onderwerpe en kategorieë van rekords gehou oor elke onderwerp is in alfabetiese volgorde geplaas om soek te vergemaklik.)

ADMINISTRASIE, ORGANISASIE EN BEHEER

Administratiewe rade van ondersoeke

Ampstale - gebruik van
Amptelike inligting: Openbaarmaking van
Beeldbou
Beroepsgesondheid, -veiligheid en omgewingsbestuur
Borgskappe
Dissipline en moreel
Heraldiek
Jaarverslae
Komitees
Kommissies van ondersoek
Kommunikasie
Konferensies, kongresse, vergaderings en werksinkels
Magte en bevoegdhede
Mediese rade
Metode van korrespondensievoering
Mobilisasie
Nasionale, Provinsiale, Area-, Stasie- en Eenheidsorders
Oorhandiging van bevel
Opgawes van veranderings
Organisasie en Herorganisasie
Pligte en verantwoordelikhede
Produktiwiteit
Rekenarisering
Rekordbeheer
Rompslomp
Samewerking
Skenkings ontvang met die oog op ontwikkeling
